



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2015**

**VISUELE KUNSTE V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 100**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

---

## RIGLYNE

Daar word van die KANDIDAAT verwag om die volgende te demonstreer:

- Enige **VYF** vrae te beantwoord vir 'n totaal van 100 punte.
- Vrae en onder-afdelings duidelik en korrek te **nommer**.
- Inligting reeds in een vraag bespreek, **nie te herhaal nie**. Indien herhaal, sal punte slegs die eerste maal toegeken word. Kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar.
- Dat antwoorde in **volsinne en paragrawe** sal wees, volgens die instruksies vir elke vraag. KOLOM INLIGTING SAL SLEGS MINIMALE PUNTE VERDIEN.
- Die gebruik van korrekte **kunsterminologie**.
- Die gebruik en implementering van **visuele analise** en **kritiese denke**.
- **Skryf- en navorsingsvaardighede** binne 'n **historiese en kulturele konteks**.
- Plasing van spesifieke voorbeelde binne 'n **kulturele, sosiale en historiese konteks**.
- **Insig** rakende kenmerke/besondere kreatiewe styl.
- Die identifisering van die **professionele praktyk** van plaaslike kunstenaars.
- Waar die analisering van kommentaar deur die kunstenaar/s van belang is, sal die leerder se staving van die sukses bereik deur elke kunstenaar, ook belangrik wees, siende dat dit Medium tot Hoër orde antwoorde sal wees.
- Laag, Medium en Hoër orde merkery word deur L, M, H voorgestel.

Daar word van die NASIENER verwag om die volgende te demonstreer:

- Aanvaarding van bewese beredenering binne die konteks van die vraag.
- Om inligting in gedagte te hou wat reeds boaan sommige vrae verskaf is.
- Om na te sien volgens die riglyne hierbo wat aan die kandidate verskaf is.
- Om te herken dat hierdie memorandum dien as 'n riglyn vir nasieners sowel as onderrigwerktuig. Om dié rede is die inligting vir sommige antwoorde in meer diepte en inligting rakende ander antwoorde mag blote aanbevole riglyne wees.
- Om leerders eerder te beloon vir wat hulle weet, as om hul in diskrediet te plaas vir wat hulle nie weet nie.
- Om na die Visuele Kunste SAG dokument raamwerk (p. 24) te verwys, as riglyne om vlakke van prestasie te assesser.

**VRAAG 1****DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS**

*In hierdie gereproduseerde kunswerke, dra die omgewing van elke plek op verskeie maniere by tot die atmosfeer. Ander faktore as die letterlike omgewing, mag ook veelseggende rolle in boodskap of betekenis speel.*

- 1.1 *In twee afsonderlike paragrawe van ongeveer 'n ¾ bladsy elk, moet die leerder verduidelik hoe die kunstenaars mense en leefstyle in hul omgewings oortuigend gedokumenteer het, terwyl hul betekenisvolle faktore uitwys deur die bestudering van komposisies, toepassings van kunselemente en invloede op style. Dit is Laag (2) en Medium (4) orde.*

In FIGUUR 1a, gee die gebalanseerde komposisie die beknopte rommel weer, nat van die reën, ✓ wat die kinders aantrek met die moontlikheid van iets om mee te speel. Die vertikale lyne van die klein huisies bring balans tot die luglyn en voorgrond. ✓ 'n Vlietende oomblik met mense in aksie, is suksesvol vasgevang soos in tradisionele Impressionisme. ✓ Die warm onderlaag Alazarin crimson wat toegelaat is om deur bloue en gryse te skyn, bring warmte aan hierdie impressionistiese moment in tyd, net na die reën. ✓ Waar die Alazarin crimson en die blou ontmoet in die middel van die komposisie, net agter die middelste huisie, is diepte sigbaar agter die droë swart stamme van dooie bome. ✓ Die reeds vermelde warm tone, maak op vir die swart wat tradisioneel nie in Impressionisme gebruik is nie. In hierdie kunswerk egter, verhoog die swart die ekspressionisme saam met die byna abstrakte en gesiglose figure van menslike liggame. ✓ Dit maak die komposisie 'n gelukkige een waarmee enige iemand kan identifiseer. Die verskeidenheid groottes rakende die bouvallige geboue, vensters en deuropeninge, dra meer ritme en musikaliteit by tot die toneel. ✓

In die kunswerk van FIGUUR 1b, het Sihilali 'n vlietende moment vasgevang met die spel van lig op kleur op 'n sagte en sensitiewe wyse, tipies van die tradisie in Westerse kuns rakende die medium van waterverf. ✓ Die flenter hondekop en ander groot weggegooide houe teen die muur aan die regterkant, ondersteun die wapperende wasgoed aan die lyn, terwyl die vrou links in die komposisie verbete vee met haar besem en haar rok waai in die wind. ✓ Hierdie plasing bring ook gestruktureerde balans. Die piepklein kinders links is baie sensitief weergegee, met die fietswiel regs teen die muur, bykans die enigste areas met gekurfdde lyne behalwe die baie in die boom, wat saam met die hooffiguur die klempunt vorm. Sagte kleure en wasige rande ondersteun hierdie Impressionisme, soos die vrou, wind en omgewing een raak.

Ken punte toe vir elk van die twee werke vanaf 1 + 2 and 1 + 2..

(6)

- 1.2 In hierdie vraag is 4 punte Medium order en 2 Hoër orde.

Ngatane vang die onmiddellike verligting van koelheid na die middagreën vas, met die donker wolk steeds in die agtergrond, terwyl die rande van objekte in hul wasigheid tipies is van Impressionisme, waar dit meer gaan oor atmosfeer as krasse werklikheid. Die wit verf is baie verdun voordat dit oorgewas is om waterplassies en reënwolke voor te stel, 'n tegniek geleer van waterverfskildering.

Sommige van die inligting soos in hierdie memorandum vir 1.1 wat nog nie toegepas is in daardie antwoord nie, mag ook in 2.1 aanvaar word in verband met stemming of die alledaagse omstandighede wat suksesvol weergegee is in die informele gewone aktiwiteite.

Tema: Beide kunswerke is kommentaar oor die benarde toestand van swartes wat in krotbuurte woon.

(6)

1.3 *Kunswerke wat in hierdie vraestel voorkom, mag nie in hierdie bespreking van 1 tot 1½ bladsye, gebruik word nie. Die bespreking moet handel oor TWEE kunstenaars wat interaksie tussen mense en omgewing in hul gemeenskappe weergee, met verwysing na EEN werk van elk wat bestudeer is, in verband met die volgende:*

- *Name van kunstenaars en titels van kunswerke L*
- *Formele elemente deur die kunstenaars gebruik L*
- *Spesifieke onderwerpmateriaal in elke kunswerk L*
- *Belangrike aspekte van elke komposisie (Van hier af Medium tot Hoë orde)*
- *Important aspekte van elke komposisie*
- *Gebruik van media en tegnieke*

(8)

**[20]**

## VRAAG 2

### SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

*Sommige kunstenaars gebruik tradisionele media met 'n moderne benadering en ander moderne media met sigbare tradisionele invloed.*

2.1 *In 'n kort opstel van ongeveer een bladsy, moet verduidelik word hoe die kunstenaar van die werk in FIGUUR 2b daarin geslaag het om die essensie van Afrika vas te vang in verband tot die gebruik van moderne media met sigbare tradisionele invloed daarin.*

Komposisie en elemente: L M Die materiale wat Mahlangu gebruik het, is nie-tradisionele emalje-verf op 'n moderne voertuig, wat daaraan 'n gladde en modern afwerking gee, ✓ teenoor tradisionele aanwending van pigment-verf op ruwe afgewerkte mure. ✓ Die geometriese vorms, tipies van Afrika versiering, eindig in 'n ritmiese ontwerp in die netjiese en gebalanseerde herhalings. Hierdie kleure, vorms en spasies vorm parallelle lyne en kruislyne, ✓ wat die elemente is wat hierdie funksionele objek in die kategorie van komposisionele aard plaas. Die parallel van die tipies verlengde hut van die Ndebele mense as skilderdoek, tiperend motortipe, mag ook deur 'n leerder genoem word, ✓ daar Esther Mahlangu 'n BMW gebruik en nie sommer 'n kort voertuig nie. Die kleurvolle elemente skep 'n energieke en warm stemming, wat tipies is van Afrika ✓ en die werk het reuse impak in oorspronklikheid. ✓ Die absolute verrassende en oorspronklike benadering waarborg reuse Impak as kunswerk.

(10)

Aanvaar enige ander gemotiveerde/logiese verduideliking gebaseer op die aspekte waarna in die vraag verwys word.

2.2 Twee kunswerke moet geanaliseer word in 'n opstel van ongeveer een en 'n halwe bladsy, naamlik EEN kunswerk van elk deur twee verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars wat kulturele invloede weergee. Kunswerke wat in hierdie vraestel voorkom, mag nie gebruik word nie. Die volgende moet ingesluit word:

- Name van kunstenaars en hul werke L
- Sigbare kulturele invloede L
- Tegnieke en style M
- Betekenisvolle doel oorgedra deur elke kunswerk

Voorgestelde punttoekenning: 3L, 4M, 3H beide in 2.1 en 2.2.

(10)  
[20]

### VRAAG 3

#### SOSIO-POLITIEKE KUNS – INSLUITEND WEERSTANDSKUNS VAN DIE 70's EN 80's

*Sommige kunstenaars maak doelbewus nie mooi prente nie. Hulle ontbloom eerder of bevraagteken sake as werkers in die samelewing.*

*Dikwels is daar verskeie vlakke van betekenis in 'n enkele kunswerk.*

3.1 In 'n paragraaf van minstens 'n halwe bladsy, moet die leerder verwys na die "nie mooi prente" gemaak deur kunstenaars om eerder te ontbloom of kwessies te bevraagteken in die samelewing.

In die visuele illustrasie in FIGUUR 3a, verwys Willie Bester na die Grondgebiedewet van 1913, toe baie Swart bewoners in Suid-Afrika verplig was onder die toe Blanke regering, om na afsonderlike gebiede te verhuis. ✓ Onderskeie rasse was van mekaar geskei en is nie toegelaat om dieselfde ingange as blankes te gebruik nie en selfs openbare rusbanke was afgesonder vir Alleenlik Blankes. ✓ In *Land Act*, 1995, is 'n stootskrapeer uitgebeeld siende dat dit gebruik was om huise te sloop wat nie binne 'n sekere tyd ontruim is nie, ✓ ten spyte van die onmiddellike behoeftes soos die versorging van babas. Die twee gekromde hande as Simboliese beelde, hou klaarblyklik patroonrondtes wat eiesoortig is aan die wapens gebruik deur polisie en die weermag onder die Apartheidsregering om weerstandige Swart groepe op te breek. ✓ Verwysing moet gemaak word na die liggaamstaal soos die onskuldige kind, moeder en afkerende en verbaasde man. ✓ Die gemengde media van gekerfde hout as skilderdoek met nie-organiese materiale, maak die kwessie van afsonderlike openbare rusbanke 'n realiteit en die kettings saam met die kerfegniek, herinner aan pynlike grenslyne. ✓

Elemente en beginsels toegepas in ondersteuning van die boodskap kan die horisontale lyne van die rugkant van die bank wees wat die kleurvolle toneel omraam met die aardse kleur van die hout, wat die onskuld van die inheemse Swartmense kan voorstel. ✓ Die kettingpatroon is ook in die hout gekerf, byna asof die werklike ketting 'n skadubeeld gooi. ✓

Aanvaar gestaafde bespreking of verduideliking binne die aard van die vraag. (6)

3.2 In 'n paragraaf van ongeveer 'n halwe bladsy, moet die leerder kortliks L die (5)

storie vertel van die beskrywende kunswerk deur Zylla weergegee in FIGUUR 3b (*Selfs die Kinders het Gewere*, 1987), waar die jong meisie grotesk uitgebeeld word waar sy sit op 'n miniatuur woonbuurt, terwyl sy 'n AK 47 geweer gemaklik ✓ vashou asof dit 'n speelding is, ✓ met 'n kinderlike tekening waar sy 'n man geskiet het, asof sy dit beplan het. ✓ Met haar weermag-pet op haar kop en die kleur van die papier medium dieselfde as die weermag uniform, is die boodskap duidelik rakende kinders wat opgelei. word as soldate, terwyl hul nog onskuldig moes gespeel het, soos die geskrewe woord wat verwys na 'n lappop, impliseer. ✓

Die lappop mag ook impliseer dat kinders soos lappoppe gemanipuleer word deur die weermag. ✓ Die ander aanhalings mag ook verduidelik word en ook die sterk vrye gekrabbel in wit, soos 'n onthou-boodskap met seep geskryf op 'n spieël, verwysend na die woorde van Jesus dat die onskuldige kinders nie verhinder moet word om na Hom te kom nie. ✓ Hoe onskuldig kan kinders dan wees as hul dodelike wapens in hul arms dra! ✓

3.3 *In minstens 'n halwe bladsy, moet EEN kunswerk wat bestudeer is, geëvalueer word in verband met die kunstenaar se hantering van 'n sosio-politieke kwessie in Suid-Afrika. Die volgende is belangrik:*

- *Naam van kunstenaar en kunswerk L*
- *Beskrywing van komposisie L*
- *Die toepaslikheid van die toegepaste kunsbeginsels*
- *'n Analise wat kwessie(s) verduidelik wat die kunstenaar aangespreek het*
- *'n Evaluering van die sukses van die kunstenaar se benadering*

*'n Werk wat in hierdie vraestel voorkom, mag nie gebruik word nie, maar 'n ander werk deur een van die kunstenaars wat in die vraestel voorkom, is toelaatbaar.*

(9)  
[20]

**VRAAG 4****KUNS, VLYT EN SPIRITUELE WERKE HOOFSAAKLIK VAN LANDELIKE SUID-AFRIKA**

*“Judas Iskariot het ons Here Jesus vir R3.00 verraai sonder om homself af te vra wat hy met die geld sou koop. Julle mense wees versigtig vir geld, want dit is die wortel van sonde.”*

- 4.1 *In minstens ’n halwe bladsy moet die spirituele storie wat Muafangejo oorvertel het in die kunswerk van FIGUUR 4a, gedefinieer word, L met verwysing na die aanhaling wat in die kunswerk verskyn links van die skeidslyn.*

Die verhaal lees van regs na links, met Judas wat die Here omhels in die groter paneel, met soldate wat toekyk, met wapens wat hul identifiseer. ✓ In die paneel links, hang Judas aan ’n boom na sy selfmoord toe hy besef het wat hy eintlik gedoen het, waar drie randnote gesien kan word op die grond, waardeloos vir hom na die verraad. ✓ Wat hy klaarblyklik gekoop het, is sy eie dood met sy sonde van die verraad teenoor sy eie Meester. ✓ Selfs die vorms van die blare aan hierdie doodsboom, stel meslemme voor, wat pas by die skerpste van die swaarde van die soldate wat kom om die Meester gevange te neem. ✓ Drie rand impliseer dat Judas enige iets sou doen vir enige onbenullige bedrag, (soos lewens vandag in Suid-Afrika geneem word vir baie min). ✓ Die vorm van Judas is soos die van ’n slang, simbolies van die bose daad. Selfs die wit merke op die kleed van Judas, stel die vel van ’n slang voor. ✓ Die voete van die Meester word weergegee asof Hy effe van die grond gelig is, verteenwoordigend van geestelikheid. ✓ Lyn is meesal vertikaal aangewend, wat Sy Meesterskap beklemtoon en wissel tussen delikaat en duidelik, ritmies herhalend en kontrasterend tussen groter vorms en delikate lyntjies, asook tussen swart en wit. ✓

(8)

- 4.2 *In ’n opstel van minstens een bladsy, moet EEN kunswerk van elk van enige TWEE vlytkunstenaars wat bestudeer is, geanaliseer word. ’n Werk wat in hierdie vraestel voorkom, mag nie gebruik word nie, maar ’n ander werk deur een van die kunstenaars wat in die vraestel voorkom, is toelaatbaar.*

*Duidelike verwysing na die volgende is belangrik:*

- *Name van kunstenaars*
- *Tipes en name van werke*
- *Materiale en tegnieke, tradisioneel of kontemporêr*
- *Funksie en of boodskap*
- *Dekoratiewe waarde verwysend na kunsbeginsels M*

(12)  
[20]

## VRAAG 5

**MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA**

*Dit word gesê dat die interaksie tussen kunswerk en kyker op 'n veel wyer vlak uitgedaag kan word wanneer nie-tradisionele media en/of tegnieke deur die kunstenaar gebruik word.*

- 5.1 *Met die bostaande aanhaling in gedagte, moet dit in 'n halwe bladsy verduidelik word hoe Hassan alternatiewe materiale EN tegnieke gebruik het, soos te sien in FIGUUR 5a, om 'n intieme betrokkenheid tussen kunswerk en kyker te skep.*

Soos Duchamp, het Hassan nuwe konteks en gedagte gevind vir die objekte wat hy gebruik, soos plasing van die fiets gelaai met eiendom wat skynbaar haastig gegryp is, ✓ voor 'n grootskaalse collage van herwonne advertensieborde ✓ wat 'n samedromming van stedelike Swartmense weergee, oënskynlik aan vertrek iewers vandaan na wie-weet-waar, ✓ beklemtoon deur die verlate, swaargelaaide fiets, asof die voorste persoon te voet die reis verder meer effektief sou kon aflê in die besige skare. ✓ Die groter as lewensgroot figure en die egte fiets met die elektriese ketel as belangrike voorwerpe van daaglikse gebruik, nou waardeloos, waarom die kyker kan beweeg, maak die situasie baie interaktief. ✓

(4)

- 5.2 *In 'n opstel van ongeveer 'n driekwart bladsy, moet die kunswerk van FIGUUR 5b bespreek word ten opsigte van:*

Toepassing van kunselemente en beginsels L: Die belewing van ruimte binne die installasie en die afwesigheid van bewoners van die ruimte en die gevoel van eensaamheid, is baie prominent, ✓ tiperend van 'n moment in tyd, wat verwys na Impressionisme as Invloed van styl en ander invloede mag genoem word M. Die verhaal verg nabye ondersoek van die fyner besonderhede. Die Kontemporêre hantering van multimedia, deur bekende objekte te plaas in normale alledaagse kombinasies, maar alles te oordeel met die tekstuur en kleur van roes, transformeer realiteit tot die "poëtiese moment", wat terugflits van die kyker verg. ✓

Voor 'n skaars oop gordyn, op 'n geteelde vloergedeelte, is 'n stoel geplaas met 'n vrou se onderrok oor die rug en sitplek gehang, 'n klein elektriese verwarmers, 'n staander met 'n oop ydelheidstassie, asook 'n kleretas op die vloer. ✓ Agter die gordyn, onsigbaar vir die kyker, waai 'n koel bries deur 'n gaasgordyn vanaf 'n waaier, oor die toneel. ✓ In die ydelheidstasdeksel is 'n klein video monitor in die plek van 'n spieël, wat herhalend 'n nabyskoot vertoon van lipstiffie wat aangewend word. ✓

Die verwysings is teenoorgesteldes, soos binne/buite, privaat/publiek en warm/koud, uitnodigend vir die kyker om op kontraste te reflekteer. ✓ Die harmonie van intense en subtiele areas van kleur, skep 'n aanloklike en boeiende atmosfeer.

(6)



5.3 *In opstelvorm van minstens een bladsy, moet een of twee deurwerkte kunswerke in multimedia of nuwe media herroep en geanaliseer word, L met verwysing na alternatiewe uitdrukking deur die kunstenaar(s), met stawing van die volgende:*

- *Benoem die kunswerk(e) sowel as die kunstenaar(s) L*
- *Beskrywing en analise L*
- *Inhoud en gebruik van materiale en tegnieke M*
- *Betekenis en konsepte wat jy kan bewys*

*’n Werk wat in hierdie vraestel voorkom, mag nie gebruik word nie, maar ’n ander werk deur een van die kunstenaars wat in die vraestel voorkom, is toelaatbaar.*

(10)  
[20]

## VRAAG 6

### POST-1994 – DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

*Identiteit is altyd iets individueel, sosiaal en kultureel. In sommige kulture mag moderne lewe en ander faktore selfs tot verwarring bydra.*

6.1 *In ’n opstel van ongeveer ’n driekwart bladsy, moet dit bespreek word hoe die individuele kunstenaars uitdrukking van identiteit hanteer in verband tot invloed soos te sien in FIGUUR 6a en die Blanke man in post-Apartheid Suid-Afrika soos in FIGUUR 6b te sien.*

Terwyl sy haar eie identiteit as blanke Afrikaner aanspreek, het Schreuders hierdie bleek figuur uit Jakarandahout gekerf om tot ’n mate die kolon-figure van populêre Afrika-curios weer te gee, ✓ met vergrote koppe, hande en voete. Die soliedheid van die voorverkorte figuur is verder versterk deur gedeeltes van nie-songebruinde vel te laat in die bleek kleur van die hout, ✓ kontrasterend met die songebrande vel op ’n beperkte en poëtiese wyse. Die stompie liggaam, soliede houding en starende oë skep ’n stil en introspektiewe narratiewe werk. ✓ Die Styl en Tegniek van wegneem-kerwing en kolon-benadering, skep ’n ekspressiewe impressionisme, met die media van emalje verf op die klere areas ook nog bygevoeg. ✓

Botes spreek Blanke manlike identiteit in Post-Apartheid Suid-Afrika aan. ✓ *Dit word nie verwag dat die eintlike komposisie van nege skilderye bespreek word nie, maar die Formele kunselemente L van die afsonderlike seksies in **FIGUUR 6b**.*

Verwysing moet wees na die volgende:

Formele kunselemente: L Die sterk grafiese benadering in die gebruik van lyn as hoof-element, konfronteer die kyker met bevraagtekening van die afwesigheid van oë. ✓ Die bloed-gekleurde trane kom voor as ingelê in die vlees van die huilers, soos rituele littekens, met geen warm kleur in die velle nie, met verwysing na Popkuns as styl en tegniek bespreek word, L met verwysing na relatiewe meganiese voorkoms. ✓

Die kommentaar: M: Hierdie persone word deur Botes beskryf as “nie-bestaande vergetenes of dooies, mense wat gevoel het dat hulle nie kan weggaan nie, hulle sit vas in ’n niebestaande-plek, deurdrenk in hul eie trane”. ✓

(8)

Die “Zombie” dra die verarmde droomagtige realiteit van moderne lewe, daaglikse ondervinding, seepopera-lewe en gruwelrolprent. ✓ Allegories weerspieël die afbeelding hoe een of ander duistere mag beheer geneem het van die gedagtes en kontemporêre mense verlore gelaat het, wandelend in inkopiesentrums, op sleeptou van die internet, ontevrede met die lewe, met duidelike verlies aan individualiteit en eerder verward en in ’n staat van geen persoonlike lewe of bevrediging nie. ✓

Ken punte toe vir elk van die twee werke vanaf 4 + 4.

- 6.2 *In ’n opstel van minstens een en een ’n halwe bladsy, moet TWEE kunswerke wat bestudeer is, waar kwessies van identiteit in Suid-Afrika weergegee is, bespreek word. ’n Werk wat in hierdie vraestel voorkom, mag nie gebruik word nie, maar ’n ander werk deur een van die kunstenaars wat in die vraestel voorkom, is toelaatbaar.*

*Die volgende moet in jou antwoord ingesluit wees:*

- *Name van kunstenaar(s) en titels van werke L*
- *Elemente en moontlike koppeling aan styl L*
- *Gebruik van materiale en tegnieke M*
- *Kwessies van identiteit in elke werk*

(12)  
[20]

## VRAAG 7

### GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

*“Cowboys huil nie” en “dit is pynlik om pragtig te wees”, is opmerkings wat nie altyd ligtelik geneem word nie, dikwels met opvallende of versteekte gevolge.*

- 7.1 *In ’n opstel van ongeveer een bladsy, moet beide die kunswerke in FIGURE 7a en 7b bespreek word in verband met die rol van die populêre media betreffende die selfbeeld van een van die geslagte, manlik of vroulik. Die volgende moet in ag geneem word:*

Gebruik van titel M en Komposisie M: In die media word allerlei soorte verskillende produkte geadverteer asof hulle beslis wondere sal verrig om enige gewone persoon te verander in ’n perfekte en vleklose model, vandaar die titel “*Jou Liggaam is ’n Slagveld*”. ✓ Siende dat die arme liggaam blootgestel word aan nou dié en dan daardie produk en gelaat word met ongewenste gevolge, soos voorgestel in (Styl en benadering) M: die collage van ’n foto uit die bron van die hoofstroom tydskrifte en ontwikkel op rekenaar (FIGUUR 7a), ✓ dwing sy die kyker om vrae te vra oor feminisme en verbruikerskrag, en debatteer daardeur hoe vroue tradisioneel in populêre media uitgebeeld word. In hierdie verband aktiveer die spieëlbeeld van positief versus negatief die debat wat aangehits word deur die teks wat strategies oor die afbeelding geplaas is. ✓ Formele elemente van kuns L: Die duidelikheid van vorm aan die positiewe kant, kontrasteer effektief met die meer impressionistiese benadering in die negatiewe fotografiese spieëlbeeld. ✓ Die wit skrif in die rooi rame beklemtoon gevaar in die sterk kontras tot swart en gryse in die agtergrond. ✓ Die greinerige tekstuur op die gesig van die negatiewe kant skakel met die kantagtige patrooneffek om die oog aan dieselfde kant. ✓

In die kunswerk te sien in **FIGUUR 7b**, met verwysing na die Gebruik van titel, M “*Weighting and Wanting*” vertel van die ironie van ’n saak van uiterste belang, wat die gebrek aan liggaamsgewig is, met verwagting (weighting as woordspel) ✓ vir ’n lewe wat mooi moet wees sodra die onmoontlike gebeur, d.i. die perfekte liggaamsgewig bereik. ✓

In die Komposisie M impliseer die popagtige dogtertjie-spieëltafel links, hoe ’n jong meisie begin rondspeel met ydelheidsobjekte. ✓ Haar gelukkige beeld te sien in die smal spieël, is lank verlore, soos ook die vae beskerming liggies te sien in die sentrale spieël. ✓ In krasse kontras tot haar onskuldige jeug aan die linkerkant, is die beswaarde tiener-era regs, waar sy weergegee word as ’n swak anoreksiese meisie op haar knieë op die skaal, asof dit die lesing op die skaal moontlik selfs kan verminder. ✓ Die binding om meer en meer gewig te wil verloor, kan gesien word in die spookagtige figuur wat oor haar skouer loer. ✓ Die maatband impliseer haar begeerte om hierdie verslawing te bevredig, met brokkies kos wat sy geweier het om te eet, as gevolg van haar ongesteldheid. ✓

Styl en benadering: die ekspressiewe fantasie-benadering in etswerk eerder as kleurvolle skildering, met bykans bonatuurlike beligting in die sentrale voorgrond en donker wolk-effek net daar bokant, word gebalanseer deur donkerheid agter die spieël naaste aan die kyker en die skaduwee van die byna demoniese figuur agter die slagoffer, wat op haar eie skaars ’n skaduwee kan gooi. ✓ Formele elemente van kuns L: Die voue van die gordyne word ook in die spieël gereflekteer en hierdie vertikale lyne beklemtoon die baie maer liggaam. ✓ Die baie variasies van tone van grys tot swart, onderstreep die donkerheid van hierdie kwessie van ’n meisie wie se selfbeeld afhang van wat die media of groepsdruk haar laat glo het. ✓

Ken punte toe vir elk van die twee werke vanaf 4 + 4.

(8)

7.2 *In ’n opstel van ongeveer een en een ’n halwe bladsye, moet geslagsrolle wat kwessies geword het van manlike en/of vroulike identiteit in die samelewing, aangespreek word. Die kunswerke van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, moet benoem, beskryf en geëvalueer word. ’n Werk wat in hierdie vraestel voorkom, mag nie gebruik word nie, maar ’n ander werk deur een van die kunstenaars wat in die vraestel voorkom, is toelaatbaar.*

*Die volgende moet in die antwoord wees:*

- *Name van kunstenaar(s) en titels van werke L*
- *Komposisie en benadering L*
- *Vergelyk formele elemente en toegepaste beginsels*
- *Vergelyk stemming*
- *Vergelyk impak*

(12)  
[20]

**VRAAG 8****ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA**

*Paragon Argitekte in Johannesburg, het ooreengekom dat al hul ontwerpe verantwoordelik volhoubaar sal wees. Saam met die ooreenkoms, is die waarborg leefstyl-gedrewe elegansie in hulle baie futuristiese ontwerpe voorkoms, 'n verbasende prestasie.*

- 8.1 *Die leerder moet 'n opstel skryf van een bladsy, waarin die innoverende prestasies van konstruksie uitgelig word, wat te sien is in FIGUUR 8a, met verwysing na die verantwoordelik volhoubaarheid en lewenstylgedrewe elegansie in die baie futuristiese ontwerpersvoorkoms en mag gedagtes oor die volgende insluit:*

Seldsame kenmerke kan gesien word aan die Beginnels van ontwerp in die drie lang reghoekige aaneengeskakelde blokke gerangskik soos 'n lui "Z" oor die oppervlak van die terrein. ✓ Die talle diagonale lyne lei die oë van die kyker opwaarts na die sensitief gekurfdde hoeke van die betonplate van die afsonderlike eenhede, wat gerangskik is in harmonieuse kontrasterende hoeke. ✓ Die gladde en slanke diagonale lyne van die ondersteunende stutte, ontmoet die soliede konstruksie teen 'n hoek van 90 grade en dra by nie alleen tot kontras nie, maar ook tot balans en harmonie. ✓ Weerkaatsings in omringende vlak poele, spieël die gebou en lug en skep die futuristiese idee van beweging, asof die gebou dryf saam met die wolke. Die ewig bewegende refleksies op die High-Tech gebou self, ondersteun die invloed van Futurisme en reflekteer kreatiewe denke met uitstaande elegansie, wat 'n vereiste is van die leefstyl van die moderne samelewing. ✓ Die effektiewe funksionaliteit kan gesien word in die lig wat diep in die binnehof instroom deur die groot uitsnydings van die bo-dak, ✓ en die uitgeholde opvoerruimtes is gevorm by sleutel interseksie-punte in die uitleg van die gebou. ✓ Die Doelwitte van Paragon Argitekte is baie suksesvol bereik, ook in verband met High-Tech benadering met baie glas en weerkaatsings wat 'n futuristiese glansafwerking verleen. ✓

(8)

- 8.2 *In 'n opstel van ongeveer een en een 'n halwe bladsye, moet TWEE geboue deur enige kontemporêre Suid-Afrikaanse argitek/te geanaliseer word. Een van hierdie twee geboue mag die een wees wat in FIGUUR 8b te sien is OF 'n ander een wat bestudeer is.*

*Van albei geboue moet die vorms, materiale en ontwerp bespreek word, wat hul in 'n kategorie plaas van uitstaande impak.*

*Die volgende aspekte mag daadwerklik relevant wees:*

- *Name van argitekte/maatskappye en geboue*
- *Spesiale kenmerke*
- *Uitsonderlike materiale, tegnologie en ontwerp*
- *Ekologiese oorwegings*
- *Omgewingskwessies*
- *Funksionaliteit*

(12)  
[20]**TOTAAL: 100**